**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

**Hersiening Nr. : 1445/2005**

In die hersiening tussen:-

**DIE STAAT**

*versus*

| | |
|---|---|
| **MOJALEFA JAMES LEFASO** | Beskuldigde 1 |
| **SIYABANGA PAPI MBOYISA** | Beskuldigde 2 |

---

**UITSPRAAK DEUR:** KRUGER, R *et* C.J. MUSI, R

---

**GELEWER OP:** 16 FEBRUARIE 2006

---

[1] Hierdie is ‘n hersiening. Die getuie L.C. Thatso was deur die tolk ingesweer. Die staatsaanklaer het die landdros se aandag daarop gevestig dat hy 14 jaar oud was. Daarna het die volgende gebeur:

“HOF: Reg, dankie. Mnr. Thatso, hoe oud is u? – 14.

Is u op skool? – Ja.

In watter graad is u? – 9.
Weet u wat die verskil is tussen die waarheid en ‘n

leuen? – Ja.

Wie het vir u dit geleer? – My ouers.

Reg, u kan dan maar voortgaan."

[2] 'n Getuie is slegs bevoeg om te getuig as hy die verskil tussen die waarheid en onwaarheid verstaan. Die hof moet vrae vra ten einde die posisie te bepaal. In sy redes gee die landdros toe dat meer vrae aan getuie L.C. Thatso gevra kon gewees het, maar sê dat uit die getuie se selfversekerde houding in die getuiebank was dit vir die hof duidelik dat hy die verskil tussen waarheid en leuen verstaan. Voordat 'n getuie die eed aflê, moet die hof tevrede wees dat die getuie die betekenis daarvan begryp. Sodanige begrip blyk nie uit die oorkonde nie.

[3] Sonder die getuienis van getuie L.C. Thatso is daar geen basis vir 'n skuldigbevinding nie.

[4] Die rekord is ook onvolledig. Die uitspraak hou op by 'n bespreking van die beskuldigdes se getuienis. Die beredenering ontbreek. Daar is geen redes in die uitspraak

waarom die beskuldigdes skuldig bevind word nie. Die landdros sê in sy redes dat is onmoontlik om die uitspraak te rekonstrueer.

[5] Daar is ook 'n aantal onbevredigende aspekte rondom die getuienis. Daar was 'n enkelgetuie wat 14 jaar oud was wat die beskuldigdes geïdentifiseer het. Hy het die beskuldigdes beskryf aan 'n getuie wat volgens die landdros nagenoeg 16 – 17 jaar oud was, op grond waarvan die beskuldigdes gaan haal is. Daar was onbevredigende getuienis oor die beligting en oor hoe lank die beskuldigdes dopgehou is. Die mees onbevredigende aspek van die enkelgetuie se getuienis betref die tyd van die voorval. In hoof word hy gelei waar hy bevestig dat dit 10 uur die aand was. Hy sê hy was 10 uur die aand by die huis en het toe die beskuldigdes gesien. In kruisondervraging praat hy van 3 uur. Dit is 'n wesenlike weerspreking. Die landdros sê nou in sy redes dit was eenvoudig gedurende die nag en van geen belang nie. 'n Enkelgetuie se getuienis moet bevredigend wees in alle wesenlike opsigte. Mens kan nie sê dat hierdie getuienis

sodanig bevredigend was nie.

[6] Wat betref die uitkenning van die beskuldigdes, blyk dit dat die ooggetuie ‘n beskrywing aan sy vriendjie gegee het op grond waarvan sy vriendjie gemeen het die ooggetuie verwys na die beskuldigdes waarop hulle deur die polisie gebring is en waarop die eerste getuie toe bevestig het dat dit inderdaad die persone was. Hierdie getuienis is uiters verdag, veral as ‘n mens in ag neem hoe hulle beskryf is en hoe hierdie getuienis aangebied is. Ek is tevrede dat op hierdie rekord die skuld van die beskuldigdes nie bo redelike twyfel bewys is nie.

[7] Verder verwys die landdros in sy uitspraak na die feit dat beskuldigde No. 1 nie getuig het nie, en na die onbevredigende getuienis van beskuldigde No. 2. Die beskuldigdes se skuld word nie bewys deur hul eie getuienis, of gebrek daaraan nie. Die vraag is of die staatsgetuienis, gesien saam met die beskuldigdes se getuienis, as geheel beoordeel, skuld daarstel. Na my mening is dit hier nie die

geval nie.

[8] Die feit dat beskuldigde 1 geswyg het, kan nie teen hom gehou word, omdat daar nie ‘n *prima facie* saak teen hom was nie. Ek meen nie dat beskuldigde No. 2 so ‘n swak getuie was as wat die landdros bevind het nie. Die kwessie of daar enige vriendskap tussen die twee beskuldigdes was, kan nouliks bydra tot bewys van skuld. Dit is al herhaaldelik gesê dat ‘n leuenagtige beskuldigde nie noodwendig ‘n skuldige beskuldigde is nie. Daar kan verskeie redes wees om onwaarhede te vertel of om jou te probeer distansieer van iemand anders. Ook die feit dat jy aangekla was as beskuldigde saam met ‘n persoon, mag jou moontlik daartoe noop, maar dit bewys nog nie jou skuld nie.

[9] Gevolglik word die skuldigbevindings en vonnisse van beide beskuldigdes tersyde gestel.

**A. KRUGER, R**

Ek stem saam.

**C.J. MUSI, R**

/sp